



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

NOVEMBER 2008

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2008 gebaseer is, wat soos volg is:

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP:
 - Die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika
VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?
 - Hervoorstelling van die nasie in die 1990's – 'n gevallestudie uit Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika
VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990'S AS 'N DEMOKRASIE NA VORE GETREE?

VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN STAAN VOOR DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE
2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag toegeken word en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag.
3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. 'n Blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE DIE
BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

- 1.1.1 Volgens die bewyse in die bron, wat was die veranderings in die buitelandse beleid van die Sowjet-Unie? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Hoe het die veranderinge in die Sowjet-Unie se buitelandse beleid die ANC beïnvloed? (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Hoekom dink jy was daar 'n behoefte by die Sowjet-Unie om veranderings aan sy buitelandse beleid aan te bring? (1 x 2) (2)
- 1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Sowjet-Unie hulle rug op die ANC gedraai het. (1 x 3) (3)
- 1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die ANC op die veranderings reageer het. (1 x 3) (3)

1.2 Verwys na Bron 1B.

- 1.2.1 Hoekom dink jy het De Klerk verskeie oorsese reise onderneem om wêreldleiers te ontmoet? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Verduidelik hoe die veranderinge wat Gorbachev gemaak het, De Klerk gehelp het om 'n beleid van hervorming in Suid-Afrika te volg. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Verduidelik tot watter mate die volgende stelling deur sir Robin Renwick akkuraat is: 'Namibië het die Suid-Afrikaners gewys dat hierdie soort verandering nie noodwendig ramspoedige gevolge hoef te hê nie.' (1 x 3) (3)
- 1.2.4 Watter faktore, volgens die bron, het De Klerk gemotiveer om met 'n proses van onderhandeling te begin? (2 x 1) (2)

1.3 Raadpleeg Bron 1A en 1B.

- 1.3.1 Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1A, Bron 1B aanvul ten opsigte van politieke veranderinge. (2 x 2) (4)
- 1.3.2 As 'n historikus wat die uitwerking van die ineenstorting van die Sowjet-Unie op Suid-Afrika bestudeer, verduidelik watter een van die twee bronne (Bron 1A of Bron 1B) jy as meer bruikbaar sou beskou. (2 x 2) (4)

- 1.4 Bestudeer Bron 1C.
- 1.4.1 Verduidelik waarom dit nodig geword het om hierdie politieke gevangenes op Robbeneiland vry te laat. (2 x 2) (4)
- 1.4.2 Hoe is hierdie gevangenes gekoppel aan die gebeure wat besig was om in Suid-Afrika te ontvou? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Verduidelik hoe die volgende op die veranderinge in Suid-Afrika sou reageer:
- (a) Regsgesinde Suid-Afrikaners
- (b) Swart Suid-Afrikaners (2 x 2) (4)
- 1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die betekenisvolle gebeure wat Suid-Afrika se politieke lot/bestemming (toekoms) verander het, verduidelik. (6)
- 1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF 1.6.2.
- 1.6.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika beïnvloed het. (30)
- OF**
- 1.6.2 Jy is 'n onafhanklike korrespondent vir 'n Suid-Afrikaanse koerant. Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag waarin jy in breë trekke verduidelik waarom beide die ANC en die apartheidsregering beseft het dat die enigste uitweg die een van onderhandeling was. (30)
- [75]**

VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR TOT DIE HERVOORSTELLING VAN BENIN (WES-AFRIKA) IN DIE 1990's GELEI?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

- 2.1 Verwys na Bron 2A.
- 2.1.1 Wat het die USSR aangespoor om uit Afrika te onttrek? (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en definieer die volgende begrippe:
- (a) Glasnost
- (b) Perestroika (2 x 2) (4)
- 2.1.3 Hoekom, volgens die inligting in die bron, het die Weste besluit om nie langer die regerings van Afrika te ondersteun nie? (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Hoe het Brittanje Afrika-lande oorreed om van eenparty-regerings na demokratiese vorme van regering oor te skakel? (1 x 2) (2)
- 2.1.5 Verduidelik of die skrywer van hierdie bron regimeveranderinge in Afrika ondersteun. (1 x 3) (3)
- 2.2 Bestudeer Bron 2B.
- 2.2.1 Watter indruk skep hierdie bron oor die manier waarop Kerekou Benin geregeer het? (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Hoekom was die mense van Benin geregtig op 'n 'skielike vlag' van protes? (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Hoekom het Kerekou besluit om 'n Marxisties-Leninistiese vorm van regering te verwerp? (1 x 2) (2)
- 2.2.4 Verduidelik die nut van hierdie bron vir 'n historikus wat hierdie tydperk van verandering in Benin bestudeer. (5)
- 2.3 Lees deur Bron 2C.
- 2.3.1 Waarom, volgens Perspektief 1, was die 1991-verkieping betekenisvol in die geskiedenis van Benin? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Verduidelik of die besluit om Kerekou nie te vervolg nie, na jou mening geregverdig kan word. (Perspektief 1) (2 x 2) (4)
- 2.3.3 Gebruik die inligting in Perspektief 2 en jou eie kennis en verduidelik tot watter mate die geboorte van demokrasie in Benin 'n verskil aan die lewens van gewone mense gemaak het. (2 x 2) (4)

- 2.4 Raadpleeg Bron 2D.
- 2.4.1 Watter boodskap word deur die spotprent oorgedra? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die akkuraatheid van die spotprenttekenaar se uitbeelding van gebeure in Afrika. (2 x 2) (4)
- 2.5 Verwys na Bron 2D (spotprent) en Bron 2A, 2B en 2C (geskrewe bronne). Kies en verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) watter een van die geskrewe bronne die inligting wat in die spotprent uitgebeeld word, die beste ondersteun. (6)
- 2.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.6.1 OF 2.6.2.
- 2.6.1 Die ineenstorting van die USSR het 'n diepgaande impak op Afrika gehad. Stem jy saam? Bestudeer hierdie stelling krities deur na 'n gevallestudie uit EEN van die volgende te verwys:
- (a) Sentraal-Afrika
(b) Wes-Afrika
(c) Noord-Afrika (30)
- OF**
- 2.6.2 Jy is 'n raadgever vir die demokratiese regering van Benin. Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag waarin jy bespreek hoe die land homself op ekonomiese, politieke en maatskaplike vlak kan hervoorstel. (30)
[75]

VRAAG 3: WAS DIT DIE GROOTMOEDIGHEID VAN DE KLERK WAT DIE WEG VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA GEBAAH HET?

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Verduidelik die betekenis van De Klerk se parlementêre toespraak op 2 Februarie 1990. (2 x 2) (4)
- 3.1.2 Watter bewyse in die bron gee te kenne dat De Klerk besluit het om met 'n proses van onderhandeling te begin? (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Watter een van al De Klerk se stappe was na jou mening die belangrikste? Ondersteun jou antwoord met geskikte redes. (3 x 2) (6)
- 3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die internasionale gemeenskap op De Klerk se toespraak gereageer het. (2 x 2) (4)

3.2 Lees deur Bron 3B.

- 3.2.1 Verduidelik die term *massa-aksie*. (1 x 3) (3)
- 3.2.2 Hoekom het Mandela die skare gevra dat hulle nie 'hulle veldtog van massa-aksie moes verklein nie'? (2 x 2) (4)
- 3.2.3 Wat dink jy is bedoel met 'sodat ons die laaste myl saam kan stap'? (1 x 3) (3)
- 3.2.4 Gebruik bewyse in die bron en verduidelik wat van Mandela 'n versierende (visioenêre) leier maak. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

- 3.3.1 Watter boodskappe word deur hierdie bron oorgedra? (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Verduidelik die toepaslikheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die gebeure in Suid-Afrika na 1990 ondersoek. (5)

3.4 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) vir jou skool se geskiedenis tydskrif waarin jy die belangrikste gebeure wat Suid-Afrika in 1990 verander het, uitlig. (6)

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF 3.5.2.

3.5.1 De Klerk se vrylating van Mandela was 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis.

Bespreek hierdie stelling krities. (30)

OF

3.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om op die volgende koeranthoofopskrif kommentaar te lewer:

Dit was De Klerk se grootmoedigheid wat Suid-Afrika van ondergang en verwoesting gered het. (30)

[75]

VRAAG 4: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE GENESING VAN DIE WONDE VAN 'N VERDEELDE SUID-AFRIKA?

Bestudeer Bron 4A, 4B, 4C en 4D en beantwoord die volgende vrae.

4.1 Verwys na Bron 4A.

- 4.1.1 Wat is die 'twee belangrikste dinge' wat uit die WVK na vore gekom het? (2 x 1) (2)
- 4.1.2 Waarom dink jy was sommige mense teen die WVK gekant? (2 x 1) (2)
- 4.1.3 Verduidelik waarom jy dink dat die WVK 'n helende (suiwerende) uitwerking op baie van die slagoffers kon gehad het. (2 x 2) (4)
- 4.1.4 Wat vertel die woorde 'Dit het 'n argief laat ontstaan ... en om hopelik daaruit te leer' jou van die werk van die WVK? (2 x 2) (4)

4.2 Gebruik Bron 4B.

- 4.2.1 In Standpunt 1 wil mev. Msweli haar seuns se moordenaars vergewe, en sy wil hulle tereg wys. Wat dink jy het mev. Msweli op hierdie manier laat reageer? (1 x 3) (3)
- 4.2.2 Verduidelik of jy dink dat Dirk Coetzee werklik berou oor sy dade gehad het in Standpunt 2? (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Waarom, na jou mening, het die WVK amnestie aan Dirk Coetzee verleen? (1 x 3) (3)
- 4.2.4 Neem Standpunt 3 in ag en verduidelik of jy dink dat die werk van die WVK geregverdig kan word. (2 x 2) (4)

4.3 Verduidelik die beperkings van die standpunte in Bron 4B aan 'n historikus wat navorsing oor die werk van die WVK doen. (2 x 2) (4)

4.4 Raadpleeg Bron 4C en 4D.

- 4.4.1 Bron 4C en 4D staan krities teenoor die WVK. Wat, volgens hierdie bronne, was die redes vir die kritiek teen die WVK? (2 x 2) (4)
- 4.4.2 Verduidelik die betekenis van die woorde in die praatborrel in Bron 4D: '... AANGEVAL VAN LINKS, REGS EN IN DIE MIDDEL, MENEER, MAAR ONS HET DIT GEMAAK!!' (1 x 3) (3)
- 4.4.3 As 'n historikus wat die werk van die WVK bestudeer, verduidelik watter van die twee bronne (Bron 4C of Bron 4D) jy as die nuttigste sou beskou. (1 x 2) (2)

- 4.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die WVK genesing gebring het vir die talle onbeantwoorde euwels van apartheid. (6)
- 4.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: **VRAAG 4.6.1 OF 4.6.2.**
- 4.6.1 Was die WVK suksesvol om die wonde van 'n verdeelde Suid-Afrika te genees? Bespreek krities. (30)
- OF**
- 4.6.2 As voorsitter van die Verteenwoordigende Leerderraad by jou skool word jy gevra om 'n verslag in te dien met die volgende titel:
- Was die WVK suksesvol om te help met die proses van versoening, geregtigheid en vergifnis?
- Gebruik al die bronne en jou eie kennis en stel die verslag saam met gebruik van toepaslike voorbeelde. (30)
- [75]**
- TOTAAL: 150**